*Aan die einde van sy/haar eerste jaar kan 'n student weer aansoek doen vir keuring vir toelating tot 'n program wat deur die Fakulteit Ingenieurswese aangebied word. Toelating is onderhewig aan prestasie en dat al die modules van die eerste jaar geslaag is. Die Ingenieurstoets moet ook afgelê word met die oog op finale keuring.*

*Kragtens Algemene Reël 1.7.4 kan 'n student wat van kurrikulum wil verwissel, skriftelik by die betrokke Fakulteit aansoek doen om erkenning van modules wat hy/sy reeds geslaag het en wat deel uitmaak van die kurrikulum waarna hy/sy wil oorskakel.*

#### ENG.2.6.4 Joining from another university / Toelating vanaf 'n ander universiteit

- a) Students who started their studies in Engineering at another university and who desire to continue their studies at this University, are strongly advised to complete only the first year level of the programme at that university before applying to continue with the second level programme at this University.
- b) Applications from students who started their engineering studies at another university and who wish to continue at this university, will only be considered if the first year of study has been completed successfully at the previous university. An application to continue with the second year of the BEng programmes at this university, will be considered.
- c) Students who studied Engineering at another university are subject to selection. Their applications for admittance to one of the BEng programmes will be treated on an *ad hoc* basis.
- d) Students who studied Engineering at another university and who were not allowed to continue at that university, will not be allowed to register for any BEng programme at NWU.
- e) Applications for admission to one of the BEng programmes for a particular year, close on **31 July** of the previous year and application for acceptances of modules on the grounds of corresponding modules passed at another university, must be directed to the Dean before the beginning of the academic year.
- f) Students who started their studies in Engineering at another university and who desire to continue their studies at this University must, at the start of their study at the other university, already have complied with the admission requirements of the Faculty of Engineering of the NWU.

Technicon diplomats seeking admission to the Faculty must contact the Admissions Office. Every application will be judged on merit and previous learning will be taken into consideration.

#### **Enquiries:**

Admissions Office  
Building F20  
(018) 299 2624

#### **Aansluiting vanaf 'n ander Universiteit**

- a) *Studente wat hulle studie in ingenieurswese by 'n ander universiteit begin het en wat hul studie aan hierdie universiteit wil voortsit, se aansoek sal oorweeg word slegs indien die eerste jaar, binne een jaar, suksesvol by die vorige universiteit voltooi is. 'n Aansoek om by die tweede jaargang van die BEng-programme hier aan te sluit, sal oorweeg word.*
- b) *Studente wat ingenieurswese aan 'n ander universiteit gestudeer het, is aan keuring onderworpe. 'n Gedragsertifikaat moet ook getoon word. Aansoeke*

*om toelating tot die BIng-program sal met inagneming van vorige leer ad hoc hanteer word.*

- c) *Studente wat in die ingenieurswese aan 'n ander universiteit studeer en nie toegelaat word om hulle studie in ingenieurswese aan daardie betrokke universiteit voort te sit nie, sal nie toegelaat word om by die BIng-programme van die NWU aan te sluit nie.*
- d) *Aansoeke om aansluiting by die BIng-program vir 'n gegewe jaar, sluit op 31 Julie van die voorafgaande jaar en aansoeke om erkenning van modules op grond van ooreenstemmende modules wat aan 'n ander universiteit geslaag is, moet voor die begin van die akademiese jaar, skriftelik aan die betrokke Skooldirekteur gerig word.*
- e) *Studente wat in die ingenieurswese by 'n ander universiteit studeer en hulle studies aan hierdie universiteit wil voortsit, moes by die aanvang van hulle studie by die ander universiteit, reeds voldoen het aan die toelatingsvereistes van die Fakulteit Ingenieurswese van die NWU.*

*Technikongediplomeerdes wat toegang tot die Fakulteit wil verkry, moet die Toelatingskantoor kontak. Elke aansoek sal volgens meriete en met inagneming van vorige leer, geëvalueer word.*

**Navrae:**  
Toelatingskantoor  
Gebou F20  
(018) 299 4154

## **ENG.2.7 RECOGNITION OF PRIOR LEARNING / ERKENNING VAN VORIGE LEER**

The requirements regarding recognition of prior learning are stipulated in General Rules 1.7.

*Die vereiste ten opsigte van erkenning van vorige leer vir hierdie kwalifikasie, word in Algemene Reël 1.7 vervat.*

### **ENG.2.7.1 Amendment of curriculum and/or qualification / wysiging van kurrikulum en/of kwalifikasie**

Converting from one curriculum to another (including amendment of qualification or programme) requires the submission of a student request form. The full transcript of the student along with the maximum period of the study, will be considered. Admission is subject to the approval of the Executive Dean.

*Omskakeling van een kurrikulum na 'n ander (insluitend wysiging van kwalifikasie of program) geskied deur die indiening van 'n studenteversoekvorm. Die volledige akademiese rekord van die student tesame met die toegelate maksimum duur van die studie, word in ag geneem. Toelating is onderhewig aan die goedkeuring van die Uitvoerende Dekaan.*

## ENG.2.8 REGISTRATION / REGISTRASIE

### i) Annual registration / Jaarlikse Registrasie

The following apply for annual registration (General Rules 1.10.1): /  
*Ingevolge Algemene Reëls 1.10.1 geld die volgende:*

Every returning student must register annually in their personal capacity, either by means of a paper-based or an electronic registration process, for the learning components that are prescribed for the specific study year, in accordance with the Faculty rules applicable to the qualification, programme and module(s) concerned (1.10.1.1).

A student is personally responsible to:

- ensure compliance with all the programme and module registration requirements and the completion and submission of the formal documents required for registration as specified in Faculty rules (1.10.1.2.1), and
- determine that there are no clashes in contact time tables or scheduled assessment opportunities of the modules for which the student registers (1.10.1.2.2).

The university reserves the right to refuse or cancel the registration of a student where an applicant provides false, incorrect or incomplete information or documentation to register as a student, or where any other condition provided for in these rules is not satisfied (1.10.1.3).

Faculty rules provide for the requirements for active participation of students in specific programmes and students may not register for modules in which they are unable to or intend not to actively participate (1.10.1.4).

In order to receive credits for a specific module a student must be registered for such module and pass it (1.10.1.5).

Two registration periods for the various levels and modes of study are annually determined in the university calendar, the second of which is reserved exclusively for registration of students in such distance programmes as may be identified annually by the responsible Executive Dean (1.10.1.6).

A student who was registered during the second registration period of the previous year must in the subsequent academic years report for registration during the first annual registration period (1.10.1.7).

In order to be registered, a student or the entity that has granted the student a bursary, must pay the prescribed registration and minimum tuition fees prescribed by the university (1.10.1.8).

A student who registers in the paper-based process for registration has to complete and sign the relevant registration form, acquire the necessary approval from the Faculty concerned, and submit the signed form to the appropriate section within the Department of the Chief Director Student Academic Lifecycle

Administration, upon which an official proof of registration is issued to the student (1.10.1.9).

A student who registers electronically has to complete and sign the registration form electronically, and after approval of the registration by the Faculty concerned, an official proof of registration is issued electronically (1.10.1.10).

A registered student must promptly submit all relevant changes to personal details in the prescribed form to the Chief Director Student Academic Lifecycle Administration for the purposes of official communication by the university with the student (1.10.1.11).

Official correspondence with students may be addressed by the university to the postal addresses, email addresses and cell phone numbers supplied during registration, or as changed in accordance with General Rule 1.10.1.11.

#### **ii) Module acceptances and exemptions**

General Rules 1.7 apply and Procedures are stipulated in the Quality Manual of the faculty.

#### **iii) Exemptions for a period and specific modules**

Faculty rules may stipulate that recognition or exemption of modules will apply for a specific period or that the Executive Dean may grant exemption or recognition of only certain modules.

A Faculty rule apply namely that recognition or exemption of modules will apply for **three** years. Applications for the recognition of only specific modules or exemption of modules longer than the prescribed period will be evaluate on merit by the Executive Dean, in consultation with the School Director.

#### **Vrystellings tov tydperk en spesifieke modules**

*Fakulteitsreëls kan bepaal dat die verlenging van erkenning of vrystelling van modules vir 'n beperkte tyd sal geld of dat erkenning of vrystelling slegs vir bepaalde modules deur die Uitvoerende Dekaan goedgekeur kan word.*

*'n Fakulteitsreël geld dat die erkenning of vrystelling van spesifieke modules vir 'n beperkte tydperk van drie jaar geld. Versoeke om module-erkenning/-vrystellings langer as die genoemde tydperk of vir betrokke modules sal op grond van meriete deur die Uitvoerende Dekaan in konsultasie met die Skooldirekteur oorweeg word.*

#### **iv) Registration according to time-table**

General Rule 1.10.1.2.2 applies and for engineering:

A student is not allowed to register for a module if, according to the time-tables for lectures, tests and examinations, there is a schedule clash with respect to another module for which the student is registered.

If a module has to be repeated, the student has to register for the relevant module in its entirety again and a new participation mark will have to be generated. No exemption from class attendance will be granted.

Before finally deciding on the choice of modules, students have to take full cognizance of the class time-table. If the intended choice leads to a clash, the relevant choice will not be granted.

In such a case, the School Director in the School and the Faculty Administrator should be consulted.

#### Inskrywing volgens rooster

##### *Algemene reël 10.1.2.2 het betrekking en vir ingenieurswese geld:*

*'n Student word nie toegelaat om vir 'n module in te skryf indien daar ooreenkomstig die lesing-, toets- en eksamenrooster 'n roosterbotsing ten opsigte van 'n ander module waarvoor die student ingeskryf is, voorkom nie.*

*Indien 'n module herhaal word moet die student vir daardie betrokke module weer in sy geheel registreer sodat 'n nuwe deelnamepunt gegeneer kan word. Geen klasvrystelling word toegestaan nie.*

*Voordat daar finaal oor die keuse van modules besluit word, moet studente hulle deeglik vergewis van die klasrooster. Indien daar 'n botsing by 'n student se voorgenome keuse voorkom, sal registrasie daarvoor nie toegelaat word nie.*

*In so 'n geval moet die Skooldirekteur in die Skool en Fakulteit Administrateur geraadpleeg word.*

#### **v) Simultaneous registration at more than one institution**

A student registered at the university may not register concurrently for a qualification at another university except with the approval of the Executive Dean concerned, who may grant such approval only if the student has met the minimum residence requirements of either universities. (General Rule 1.10.5).

#### Gelyktydige registrasie by meer as een instelling

*'n Student mag nie gelyktydig by die universiteit en 'n ander universiteit registreer sonder die toestemming van die betrokke Uitvoerende dekaan nie wie so 'n instemming mag verleen indien die student aan die minimum vereistes van beide universiteite voldoen. (Algemene Reël 1.10.5).*

#### **vi) Simultaneous registration for more than one qualification**

The Executive Dean concerned may in writing grant a student permission, subject to the limitation on credit load provided for in General Rule 1.9 to register simultaneously for more than one qualification at the university (General Rule 1.10.6).

### Gelyktydige registrasie vir meer as een kwalifikasie

*Die Uitvoerende Dekaan mag, op voorwaarde dat die student aan die bepaling aangaande kredietlading soos vervat in Algemene Reël 1.9 voldoen, skriftelik aan 'n student toestemming verleen om gelyktydig vir meer as een kwalifikasie aan die universiteit te registreer (Algemene Reël 1.10.6).*

#### **vii) Registration for additional modules**

Apart from the required modules of the relevant curriculum, a student may register for additional modules in terms of the provisions of General Rule 2.3.

Subject to provisions in faculty rules, a student who registers for the first year level of an undergraduate programme may be allowed to register for one additional module per semester (either an elective from the same programme or a module from another programme), provided that no timetable clashes are brought about thereby.

Subject to provisions in faculty rules, a student who registers for the second, third or fourth year level of an undergraduate programme, and who has already passed all the required preceding modules of the programme concerned, may be allowed to register for a maximum of two additional modules per semester or two additional year modules, or one semester and one year module, provided that the student has ascertained that no class or examination timetable clashes are brought about thereby, and subject to the maximum number of credits for which a student may register in a given academic year as provided for in General Rule 1.9.

An executive dean may grant a student who wishes to register for more additional modules than provided for in General Rules 2.3.1 and 2.3.2 to register for additional modules subject to the limitations provided for in General Rule 1.9.

A student who failed modules that form part of the formal curriculum of a programme, may not, in the following year of study, register for additional modules not required for the curriculum of the programme before the failed modules have been passed.

#### **Registrasie vir bykomende modules**

*Kragtens Algemene Reël 2.3 geld die volgende vir die registrasie van bykomende modules:*

*Onderhewig aan fakulteitsreëls, kan 'n student wat vir die eerstejaarsvlak van 'n voorgraadse program registreer, slegs toegelaat word om vir één module op per semester (hetsy 'n keusemodule uit dieselfde program of 'n module uit 'n ander program) te registreer, alleenlik indien geen roosterbotsing daardeur veroorsaak word nie.*

*Onderhewig aan die fakulteitsreëls, kan 'n student wat vir die tweede-, derde- of vierdejaarsvlak van 'n voorgraadse program, en wie reeds aan al die nodige voorvereistes van die modules of betrokke program voldoen, vir 'n maksimum*

*van twee addisionele modules per semester of twee addisionele jaarmodules, of een semester en 1 jaarmodule registreer, op voorwaarde dat die student kan verseker dat daar geen klas-, toets- of eksamenroosterbotsings daardeur veroorsaak word nie en onderhewig aan die maksimum hoeveelheid krediete waarvoor 'n student gedurende 'n gegewe akademiese jaar mag registreer soos uiteengesit in Algemene Reël 1.9.*

*Die Uitvoerende Dekaan kan, vir 'n student wat vir meer addisionele modules as waarvoor daar in Algemene Reëls 2.3.1 en 2.3.2 voorsiening gemaak word wil registreer, instem mits voldoen word aan die beperkinge van Algemene Reël 1.9.*

*'n Student wat modules gedruip het wat deel uitmaak van die formele kurrikulum van 'n program, kan nie vir addisionele modules registreer wat nie deel uitmaak van die kurrikulum van die program alvorens die modules nie geslaag word nie.*

## **ENG.2.9 ASSESSMENT / ASSESSERING**

The rules concerning assessment of undergraduate modules are stipulated in General Rule 1.13 as well as General Rule 2.5.

*Die reëls met betrekking voorgraadse assessering word in Algemene Reël 1.13 vervat.*

### **i) Participation mark**

The participation mark for a module is calculated from tests, assignments, practical work and research assignments.

The ratio between theory and practical work for the calculation of the participation mark is set out in the study guides of the various modules.

#### **Samestelling van 'n deelnamepunt**

*Die deelnamepunt vir 'n module word saamgestel op grond van die punte wat behaal word vir toetse, opdragte, praktiese- en/of navorsingsopdragte.*

*Die verhouding tussen teorie en praktiese werk vir die berekening van die deelnamepunt vir 'n module word in die betrokke studiegids uiteengesit.*

### **ii) Number of examination opportunities**

The number of examination opportunities are in accordance with General Rule 1.13.4.

For undergraduate examinations there are two examination opportunities per module, of which the student may utilise one or both.

A student who utilises the second examination opportunity will be liable for the prescribed fee.

Where the student utilises both opportunities, the module mark is calculated with reference to the participation mark which provided admission to the first examination opportunity and the mark achieved in the second examination.



Faculty rules may exclude specific modules from a second examination opportunity.

A student who, having used all available examination opportunities, has passed all modules but one required for a qualification, may apply to the Executive Dean concerned to be granted a final assessment opportunity in the outstanding module, provided that the student was registered for that module in that academic year and had a participation mark that admitted him/her to the examination, (1.13.6).

The proof of participation the student achieved for a module for the first examination opportunity, is carried over to the second examination opportunity.

#### **Eksamengeleenthede**

*Die aantal eksamengeleenthede word gereël deur Algemene Reël 1.13.4*

*Vir voorgraadse eksamens is daar twee eksamengeleenthede per module, waarvan een of albei deur die student benut kan word.*

*’n Student wat van die tweede eksamengeleentheid gebruik maak, moet die voorgeskrewe bedrag betaal.*

*Indien die student van albei geleenthede gebruik maak, word die modulepunt bereken op grond van die deelnamepunt wat toelating tot die eerste eksamengeleentheid verleen het en die punt wat in die tweede eksamen verwerf word.*

*Fakulteitsreëls kan bepaalde modules van die moontlikheid van ’n tweede eksamengeleentheid uitsluit. (Vir Ingenieurswesemodules word dit in die betrokke studiegids aangedui indien ’n tweede eksamengeleentheid nie van toepassing is nie).*

*’n Student wat ná benutting van alle beskikbare eksamengeleenthede alle modules wat vir ’n kwalifikasie vereis word, behalwe een, geslaag het, kan by die Uitvoerende Dekaan aansoek doen om ’n finale assesseringsgeleentheid in die uitstaande module, met dien verstande dat die student in daardie akademiese jaar vir die betrokke module geregistreer was en ’n deelnamepunt behaal het wat hom/haar tot die eksamen toegelaat het, (1.13.6).*

*Die deelnamebewys van die student wat vir ’n module verwerf is vir die eerste eksamengeleentheid, word oorgedra na die tweede eksamengeleentheid.*

#### **iii) Medical certificates for absence**

No medical certificate is required for missed examinations: students must avail themselves of the first and/or the second examination opportunity.

Regarding absence from a semester test due to illness a valid medical certificate, which attests to the students inability to write the test, has to be submitted the School Director within five working days of the consultation with the doctor, or the date of the test, whichever came first.

Procedures are stipulated in the Faculty's Quality Manual.

#### **Siektebriewe vir afwesigheid**

*Vir eksamen geld geen siektebriewe nie. Die eerste en/of tweede geleentheid word benut.*

*Wat afwesigheid weens siekte van 'n semestertoets betref, moet 'n geldige mediese sertifikaat by die Skooldirekteur ingehandig word, waarin die onvermoë om die toets af te lê bevestig word. Hierdie sertifikaat moet binne vyf werksdae vanaf die besoek aan die dokter, of die datum van die toets, welke ookal eerste was, ingedien word.*

*Prosedures word in die Kwaliteitshandleiding uiteengesit.*

#### **iv) Use of pocket calculators during examinations**

The following policy with respect to calculators has been approved:

- a) Prescribed calculators may be used, but are not supplied.
- b) If the calculators in question cannot be described adequately, the examiner must be present in person in order to check the calculators.
- c) The chief invigilator must, at the start of each examination session/test, direct the candidates' attention specifically to the requirement that only calculators indicated on the examination paper may be used.
- d) No student may borrow a calculator from another student during an examination/test session.
- e) Any deviation from these Regulations will constitute an infringement of the examination and test Regulations.
- f) Regarding the use of non-standard calculators during examinations, the following applies:

**In exceptional cases**, permission for the use of non-standard calculators may be given. An application with motivation to this effect has to be handed in two weeks before the commencement of the examination. In each case measures must be taken to clear the memory of the calculator before it is taken into the examination hall. On each examination paper it must be stated whether a pocket calculator with memory may be used and, if so, that the memory must be cleared. The student and the invigilator must ascertain this and they then have to sign a statement to this effect.

#### **Gebruik van sakrekenaars tydens eksamens**

*Die volgende beleid ten opsigte van sakrekenaars is goedgekeur:*

- a) *voorgeskrewe sakrekenaars mag gebruik word, maar word nie voorsien nie;*
- b) *indien die sakrekenaars ter sprake nie akkuraat genoeg beskryf kan word nie moet die eksaminator persoonlik teenwoordig wees om die sakrekenaars te kontroleer;*

- c) *die hooftoesighouer moet by die aanvang van elke eksamensessie/toets die kandidate se aandag pertinent daarop vestig dat slegs sakrekenaars aanvaar word soos op die vraestel vermeld;*
- d) *geen student mag gedurende 'n eksamen en/of toetsessie 'n sakrekenaar by 'n ander student leen nie en*
- e) *enige afwyking van hierdie voorskrifte sal 'n oortreding van die eksamen en toetsregulasies wees.*
- f) *Wat die gebruik van nie-standaard-sakrekenaars tydens die eksamen betref, geld die volgende:*

*Toestemming sal in **uitsonderlike gevalle** verleen word om nie-standaard - sakrekenaars te gebruik. Aansoek met motivering moet twee weke voor die aanvang van die eksamen ingedien word. In elke geval moet maatreëls in plek geplaas word om die geheue van die rekenaar skoon te maak, voordat dit in die eksamenlokaal ingeneem mag word. Daar moet op elke eksamenvraestel aangedui word of 'n sakrekenaar met geheue, gebruik mag word en dit moet bevestig word dat die geheue skoongemaak is. Die student en toesighouer moet dit ook verifieer en 'n verklaring teken.*

**v) Admission to examination**

The requirements regarding undergraduate examination are stipulated in General Rule 1.13.2

A student who achieved the required participation mark or proof of participation prescribed by the faculty rules, is admitted to the examination in the module concerned.

"Proof of participation" is a confirmation by the lecturer in a specific module that a student participated satisfactorily in the teaching-learning activities and in the performance of teaching-learning assignments in accordance with the curriculum requirements, whereby the student is admitted to a final assessment in that module or part of that module.

In the Faculty of Engineering a minimum participation mark of 40% must be achieved for admission to the examination (1.13.2.1).

The participation mark for a module is made up of marks for tests, assignments and practical work. For each teaching-learning task (class tests, assignments, reports, etc.) executed by means of formative assessment in a module, a mark will be awarded. A student's participation mark is the weighted average of these marks (1.13.1.1).

Admission to the examination in any module is obtained by the achievement of a proof of participation which will only be issued to a student if he/she

- a) has fulfilled the specific requirements required for the relevant module as explained in the study guide;
- b) where applicable, has completed the practical work required for a module; and

- c) has achieved a participation mark of at least 40%.

The relationship between theory and practical work for the calculation of the participation mark of a module is explained in the relevant study guide.

The proof of participation the student achieved for a module for the first examination opportunity, is carried over to the second examination opportunity.

#### **Toelating tot die eksamen**

*Die vereistes ten opsigte van toelating tot eksamen, word vervat in Algemene Reël 1.13.2*

*'n "Deelnamebewys" is 'n bevestiging van die dosent in 'n bepaalde module dat 'n student ooreenkomstig die toepaslike kurrikulumvoorskrifte bevredigend aan onderrig-leeraktiwiteite en die uitvoering van onderrig-leeropdragte deelgeneem het, waardeur die student tot 'n finale assessering in die betrokke module of onderdeel daarvan toegelaat word.*

*In die Fakulteit Ingenieurswese moet 'n minimum deelnamepunt van 40% behaal word vir toelating tot die eksamen (1.13.2.1).*

*Die deelnamepunt vir 'n module word saamgestel uit toetse, werkstukke en praktiese werk. Vir elke onderrigleeropdrag (klastoetse, werkstukke, opgawes, ensovoorts) wat by wyse van formatiewe assessering in 'n module uitgevoer word, word 'n punt toegeken. 'n Student se deelnamepunt is die geweegde gemiddelde van hierdie punte (1.13.1.1).*

*Toelating tot die eksamen in enige module geskied dus deur die verwerwing van 'n deelnamebewys en 'n deelnamebewys/-punt sal slegs aan 'n student uitgereik word indien hy/sy:*

- a) *Voldoen het aan die besondere vereistes daarvoor wat in die studiegids vir die betrokke module uiteengesit is;*
- b) *Waar van toepassing, die praktiese werk wat vir 'n module vereis word, voltooi het; en*
- c) *'n Deelnamepunt van minstens 40% behaal het.*

*Die verhouding tussen teorie en praktiese werk vir die berekening van die deelnamepunt vir 'n module word in die betrokke studiegids uiteengesit.*

*Die deelnamebewys van die student wat vir 'n module verwerf is vir die eerste eksamengeleentheid, word oorgedra na afloop van die tweede eksamengeleentheid.*

#### **vi) Relationship between credits, teaching periods and examination papers**

Modules are grouped according to their level of advancement, which may also be related to the year of study in which the modules are taken in a specific programme, if the programme is to be completed in the minimum study period.

The engineering curricula are put together with a view to the minimum period of four years (BEng degree). A Student may apply to spread the modules of a programme over a longer period. Extension of the maximum study time of a programme due to a lack of progression by the student, will only be allowed in exceptional circumstances.

The order in which the modules are taken is not arbitrary, but is designed to ensure that subsequent learning builds on previous learning.

The duration for an examination paper for a 12 credit module should normally (but not limited) to two hours and for 16, 24 or 32 credit modules, three hours.

**Verhouding tussen kredietpunte, onderrigperiodes en eksamenvraestelle**

*Modules is volgens vlakke van gevorderdheid ingedeel, wat ook verband kan hou met die studiejaar waarin die modules in 'n bepaalde program geneem word, indien die program in die minimumstudietydperk voltooi word.*

*Die kurrikulums van ingenieurswese is saamgestel vir die minimumtydperk van vier jaar (BEng kwalifikasie). 'n Student kan aansoek doen om die modules van 'n program ook oor 'n langer tydperk te versprei. Oorskryding van die maksimum studietydperk van 'n program, omdat die student nie na wense gevorder het nie, sal slegs in uitsonderlike gevalle toegelaat word.*

*Die volgorde waarin modules in 'n program geneem moet word, is nie willekeurig nie, maar ontwerp om te verseker dat volgende leer altyd op vorige leer voortbou. In elke betrokke studiegids word volledige inligting oor 'n spesifieke module gegee.*

*Die eksamenvraestel vir 'n 12 kredietpunt module duur gewoonlik (maar nie beperk nie) twee ure en die eksamenvraestelle van modules wat 16, 24 of 32 kredietpunte tel, duur gewoonlik drie ure.*

**vii) Moderating of modules, examination papers and answer papers**

General Rules 2.5.1 is applicable as well as faculty rules where the requirements of Statutory Councils are stated.

**Moderering van modules, vraestelle en antwoordstelle**

Algemene Reëls 2.5.1 is van toepassing asook fakulteitsreëls waar Statutêre Rade se vereistes gestel is.

**viii) Calculation of module mark / Berekening van modulepunt**

The module mark (General Rule, glossary), is calculated by using the ratio between the participation mark and the examination mark as set out in the study guide.

*Die modulepunt (Algemene Reël, verklarende woordlys) word bereken volgens die verhouding tussen die deelnamepunt en die eksamenpunt soos uiteengesit in die studiegids.*

**Module mark** refers to the final mark awarded to a student for a particular module; it is calculated according to a formula which is determined by faculty rules, based on a combination of particular weightings for the participation mark and the summative assessment mark awarded to a student in a module; provided that the weight of the participation mark in the above mentioned formula may not be less than 30% or more than 70%.

**ix) Pass requirements**

By virtue of General Rule 1.13.3 the following applies for the Faculty of Engineering:

A final assessment mark in a module will be considered a pass if a student, admitted to assessment, has attained the required final module mark of at least 50% in the assessment and provided that the sub-minimum as laid down in the faculty rules has been achieved. (For Engineering modules 40% is the sub-minimum for the examination).

Where a first-time entering student who has registered for the first time for an undergraduate programme at the University fails any first-year module with no less than 40% in the first semester, but achieves an examination mark of at least 50% in that module, the School Director concerned may allocate a pass mark of 50% to the student, (2.5.2).

The final module mark is composed in accordance with the faculty rules, of the mark attained by the student in the examination and the participation mark in respect of the module, provided that in the calculation of the module mark the weight attached to the participation mark will not be less than 30% and not more than 70%, depending on the specific requirements of the different academic disciplines. The sub-minimum for examinations in all modules will be 40% except where a higher sub-minimum has been laid down in the faculty rules, or study guide (General Rule 1.13.3).

The module mark for each module is, therefore, calculated by the average of the participation mark and the examination mark. The relevant study guide must explain the calculation if it differs from the above. General Rule 1.13.3 has to be applied.

For all modules being moderated by an external examiner, the final results obtained will be those awarded after the process has been finalised according to Faculty procedures and guidelines for this.

**Slaagvereistes van 'n module**

*Kragtens Algemene Reël 1.13.3 geld die volgende reëls vir die Fakulteit Ingenieurswese:*

*'n Finale assesseringspunt word as 'n slaagpunt beskou as die student tot assessering toegelaat is, en die vereiste modulepunt van minstens 50% in die assessering behaal het, met dien verstande dat ten minste 40% in die eksamen behaal moet word.*

Waar 'n bona fide-eerste-inskrywingstudent in enige eerstevlakmodule van die eerste semester gedruip het, kan die skooldirekteur nogtans 'n slaagpunt van 50% daarvoor toeken, mits 'n eksamenpunt van minstens 50% in daardie module behaal is, (Algemene Reël 2.5.2). Dit kan vir Ingenieurswese in uitsonderlike gevalle oorweeg word, waar 'n enkele module uitstaande is om die semester te slaag.

Die modulepunt word ooreenkomstig die fakulteitsreëls saamgestel uit die punt wat 'n student in die eksamen van 'n module verwerf het en die deelnamepunt ten opsigte van die module, met dien verstande dat die deelnamepunt se gewig in die berekening van die modulepunt nie minder as 30% en nie meer as 70% mag bedra nie, (Algemene Reël 1.13.3.).

Die modulepunt vir elke module word dus bereken deur die gemiddeld van die deelnamepunt en die eksamenpunt te bereken. Afhangende van die spesifieke vereistes van verskillende modules moet die berekening van die deelnamepunt asook modulepunt in die betrokke studiegids duidelik uitgespel word, indien dit van b.g. verskil en Algemene Reël 1.13.3 moet in sodanige gevalle toegepas word.

Alle modules wat ekstern gemodereer word (dus uitreevlakmodules) se punt word eers as finaal beskou nadat die moderering afgehandel en die verslag van die eksterne moderator ontvang is.

#### **x) Access to marked examination work / Toegang tot gemerkte eksamenwerk**

With reference to General Rule 1.13.7 a student can officially apply at the School Director for access to marked examination work as well as the memoranda.

Internal Process: Reassessment of Scripts [QM 4.6.7 ii]

Students may still make use of the second opportunity examinations after access was allowed to marked examination scripts of the first examination opportunity.

#### **Toegang tot gemerkte eksamenwerk**

Met verwysing na Algemene Reël 1.13.7 mag 'n student by die Skooldirekteur aansoek doen om insae in sy/haar antwoordstel asook die memorandum vir 'n spesifieke vraestel te verkry.

Die interne procedure word volledig uiteengesit in die Kwaliteitshandleiding, Reassessment of Scripts [QM 4.6.7 ii]

Die student mag steeds van die tweede eksamengeleentheid gebruik maak, al is toegang tot gemerkte eksamenwerk na 'n eerste eksamengeleentheid verleen.

#### **xi) Repeating of modules / Herhaling van modules**

If a student does not pass either of the two examination opportunities following the achievement of a participation mark for a relevant module, the module must be repeated in its entirety and a new participation mark accumulated. Class exemption is not granted.

Furthermore, it is assumed that if a module is discontinued after the semester test, it will be considered that the module has been taken during that semester.

### **Herhaling van modules**

*Indien 'n student nie tydens een van die twee eksamengeleenthede wat volg op die verwerwing van 'n deelnamepunt vir 'n bepaalde module, in die eksamen slaag nie, moet die module herhaal word en 'n nuwe deelnamepunt saamgestel word. Klasvrystelling word nie toegelaat nie.*

*Verder geld die veronderstelling dat indien 'n module na die semestertoets eers gestaak word, dit tel asof die module daardie semester geneem is.*

## **ENG.2.10 ATTAINMENT OF AN UNDERGRADUATE QUALIFICATION**

### **ENG.2.10.1 Satisfaction of requirements**

By virtue of General Rules 1.3.3, 1.14, 1.17 and 1.19.3, an undergraduate qualification is obtained when final verification and audit confirmation is given that a student has successfully completed all the modules prescribed in the applicable faculty rules for the programme of the qualification concerned, [General Rule 2.6.1].

### **ENG.2.10.2 Qualification with distinction**

In order to receive the degree of Bachelor of Engineering with distinction, a student must complete the degree in the minimum period (four years) and must have achieved a weighted average of 75% for all the modules of the degree over the four years of study.

In the calculation the credit values of modules are also taken into account. Furthermore, year one will count 10%, year two 20%, year three 30% and year four 40 % of the total average.

A student must pass all modules of a relevant engineering programme at the NWU. No module passed elsewhere can be presented with a view to the awarding of the degree with distinction.

### **VERWERWING VAN VOORGRAADSE KWALIFIKASIE**

#### ***Voldoening aan die vereistes***

*Kragtens Algemene Reëls 1.3.3, 1.14, 1.17 en 1.19.3, word 'n voorgraadse kwalifikasie verwerf, wanneer finale verifikasie en oudit bevestig dat 'n student aan al die vereistes en uitkomstes van die spesifieke program waarvoor geregistreer is, voldoen het.*

*Al die voorgeskrewe modules, soos in die betrokke programdokument en fakulteitsreëls vervat, moet suksesvol voltooi word, alvorens 'n graad toegeken word, [Algemene Reël 2.6.1].*

#### ***Toekenning van graad met lof***

*Ten einde vir die toekenning van die graad Baccalaureus in Ingenieurswese met lof te kwalifiseer, moet 'n student die graad in die minimum tydperk (vier jaar)*



*voltooi en 'n geweegde gemiddeld van 75% vir al die modules van die graad oor die vier jaar van studie behaal.*

*In die berekening word die kredietwaarde van modules ook in ag geneem. Verder tel jaargang een 10%, jaargang twee 20%, jaargang drie 30% en jaargang vier 40 % van die gemiddelde totaal.*

*'n Student moet alle modules van 'n betrokke ingenieursprogram aan die NWU slaag. Geen erkende modules van elders kan met die oog op erkenning van die graad met lof, voorgehou word nie.*

#### **ENG.2.11 ASSUMED LEARNING-BASED PROGRESS IN A CURRICULUM / VORDERING IN 'N PROGRAM GEBASEER OP VERONDER-STELDE LEER**

General Rule 1.8 explains the principles of linked and concurrent modules.

In compiling each curriculum care has been taken that assumed learning, i.e. the necessary prior knowledge and the general level of insight and experience needed to complete the modules prescribed in a specific semester of a curriculum with ease, have been acquired in the preceding semesters.

A student, having failed one or more modules in a preceding semester will, therefore, probably not be adequately equipped to take the modules of the following semester. Such students are advised to consult the School Director beforehand to find out for which modules of the semester concerned they may register with a reasonable expectancy of success.

The aim of the rules is to ensure that a student in any semester will only register for those modules for which he/she has at least the minimum prior knowledge.

When students change from one programme to another, the entrance level in the new programme will have to be determined in consultation with the School Director under which the relevant curriculum falls.

A module in any curriculum may only be registered for if it conforms to the requirements regarding the assumed learning, as indicated in the studyguide/list of modules.

#### ***Vordering in 'n program gebaseer op veronder-stelde leer***

*Algemene Reël 1.8 vervat die beginsels van verwante en veronderstelde leer ten opsigte van modules.*

*By die saamstel van elke program is verseker dat die veronderstelde leer, dit wil sê die nodige voorkennis en algemene vlak van insig en ervaring, wat nodig is om die modules wat in 'n bepaalde semester van 'n program voorgeskryf is, met gemak te kan volg, reeds in die voorafgaande semesters verwerf is.*

*'n Student wat een of meer modules in die voorafgaande semesters gedruip het, sal dus waarskynlik nie voldoende toegerus wees om die modules van die volgende semester te neem nie. Sulke studente word aangeraai om vooraf die Skooldirekteur te raadpleeg om vas te stel vir watter modules van die betrokke semester hulle wel met 'n redelike verwagting op sukses kan registreer.*

*Die reëls in hierdie verband het ten doel om te verseker dat 'n student in enige semester slegs vir daardie modules registreer waarvoor hy/sy wel oor die minimum voorkennis beskik.*

*Studente wat van een program na 'n ander program omskakel se intreevlak in die nuwe program sal in oorleg met die Skooldirekteur waarbinne die betrokke program resorteer, bepaal word.*

*Registrasie van 'n module uit enige program kan slegs geskied indien aan die eise ten opsigte van veronderstelde leer, soos in die studiegids/modulelys van 'n betrokke module aangedui is, voldoen is.*

#### **ENG.2.11.1 Requirements with respect to assumed prior learning for BEng programmes**

Regarding the requirements with respect to assumed prior learning of engineering modules, the following apply:

- a) Where a first semester module in a certain year level is a prerequisite for assumed prior learning of a second semester module, or a module from one year level is a prerequisite with respect to assumed prior learning of a module of the following year level, a pass mark (module mark) of at least 50% has to be achieved in that prerequisite module, before the following module may be taken.
- b) An auxiliary module has to be taken in the same semester as the module on which it has bearing.
- c) A student registered for a degree that leads to professional or statutory registration (i.e. BEng programmes too) may only register for final year modules after all preceding modules have been passed (General Rule 2.4).

#### **Vorderingsvereistes vir BEng programme**

*Wat vereistes ten opsigte van veronderstelde leer van Ingenieurswese modules betref, geld die volgende:*

- a) *Waar 'n eerstesemestermodule in 'n bepaalde jaarvlak 'n voorvereiste ten opsigte van veronderstelde leer vir 'n tweedesemestermodule is, of 'n module uit een jaarvlak, 'n voorvereiste ten opsigte van veronderstelde leer vir 'n module van die volgende jaarvlak is, moet 'n slaagpunt (modulepunt) van minstens 50% in daardie voorvereiste module behaal word, voordat die opvolgmodule geneem mag word.*
- b) *Wat 'n newe-vereiste module betref word dit in dieselfde semester gevolg as die module waarop dit betrekking het.*
- c) *Aangesien BEng as 'n professionele graad beskou word, wat tot professionele registrasie lei, mag 'n student kragtens Algemene Reël 2.4 slegs vir finalejaarsmodules registreer indien al die voorafgaande modules geslaag is.*

## **ENG.2.12 MONITORING OF ACADEMIC PERFORMANCE / MONITERING VAN AKADEMIESE VORDERING**

General Rules 1.15 and 1.16 apply.

A Student is deemed not to have made satisfactory academic progress if, in a semester, the student achieves less than half the credits required for the programme concerned as prescribed in die faculty rules concerned for the mode of delivery and attendance mode, (General Rule 1.15.1).

Subject to additional arrangements provided for in faculty rules, a student whose academic performance is unsatisfactory may be given a written warning by the executive dean concerned, alerting the student to the implications of unsatisfactory academic progress for the completion of the study programme, and providing a basis for the lecturer or programme leader concerned to review the unsatisfactory progress with the student, and for referral for appropriate support, including academic advice, supplemental instruction and study counselling, (General Rule 1.15.2).

Every school must monitor the academic progress of students who have received warning letters, (General Rule 1.15.3).

### **PROGRESSION REQUIREMENTS (General Rule 1.16)**

In order to ensure that a sufficient percentage of the credit load of the programme for which the student is registered is completed within the maximum duration allowed for the study –

- a) a contact student must obtain at least 66% of the total credits that is required for the programme up to the historic year level for which the student is registered, and
- b) a distance student must obtain at least 66% of the total credits that is required for the curriculum up to the historic year level for which the student is registered.

A student who fails to comply with the progression requirements provided for in General Rule 1.16.1 does not automatically qualify to continue study in the programme concerned.

After every examination period the executive dean concerned must, in consultation with the faculty management committee or other faculty structure concerned, review the academic records of all students to determine the students' compliance with the progression requirements.

Should the Executive Dean concerned decide to terminate a student's registration due to failure to comply with the progression requirements, the student may, within ten days of the date of such decision, submit to the faculty manager a motivated request in the prescribed form to be readmitted to the study.

The Executive Dean's decision to grant or refuse a request for readmission submitted in terms of General Rule 1.16.4 is final.

The Executive Dean reports all the decisions taken in terms of this rule to the registrar.

### **Monitering van akademiese vordering**

*Algemene Reël 1.15 asook 1.16 is van toepassing:*

*'n Student wat nie goeie akademiese vordering toon nie word beskou as 'n student wat, gedurende 'n semester minder as die helfte van die verwagte krediete vir die betrokke program behaal het, soos bepaal in die fakulteitsreëls vir die afleweringmetode en of dit 'n kontak of afstandsprogram is (Algemene Reël 1.15.1).*

*Onderhewig aan bykomende maatreëls in die fakulteit, kan 'n geskrewe waarskuwing aan 'n student wie swak akademiese vordering toon, deur die Uitvoerende Dekaan uitgereik word, wat die student se aandag op die gevolge van swak akademiese vordering vir die afhandeling van die program vestig, en wat die betrokke dosent of programbestuurder sal in staat stel om die swak vordering met die student te bespreek en hom/haar te verwys vir gepaste ondersteuning, insluitend akademiese advise, aanvullende onderrig en studie berading. (Algemene Reël 1.15.2)*

*Elke Skool moet die akademiese vordering van studente wat waarskuwingsbriewe ontvang het monitor (General Rule 1.15.3).*

### **VORDERINGSVEREISTES (Algemene Reël 1.16)**

*Om te verseker dat 'n student die voldoende persentasie kredietlading van die program waarvoor hy/sy geregistreer is binne die maksimum duur van die studie voltooi -*

- a) moet 'n kontak student ten minste 66% van die totale krediete van die program, tot en met die historiese jaarvlak waarvoor die student geregistreer is verwerf, en*
- b) 'n afstand student moet ten minste 66% van die totale krediete van die program, tot en met die historiese jaarvlak waarvoor die student geregistreer is verwerf.*

*'n Student wat nie aan die vorderingsvereistes soos vervat in Algemene Reël 1.16.1 voldoen nie, kwalifiseer nie vanselfsprekend om met sy/haar studies in daardie program voort te gaan nie.*

*Na afloop van elke eksamentydperk, moet die Uitvoerende Dekaan, met raadpleging van die Fakulteitsbestuurskomitee of ander toepaslike fakulteitstrukture, die akademiese vorderingsverslae van alle studente nagaan om studente se voldoening aan vorderingsvereistes te bepaal.*

*Indien die belanghebbende Uitvoerende Dekaan besluit om 'n student se studies te termineer omdat die student nie aan die verwagte vorderingsvereistes*

*voldoen nie, mag die student binne 10 dae vandat die besluit geneem is, 'n gemotiveerde versoek om studies voort te sit, deur middel van die voorgeskrewe vorm, by die Fakulteit Administrateur indien.*

*Die Uitvoerende Dekaan kan volgens Algemene Reël 1.16.4 die besluit vir hertoelating toestaan of afkeur en daardie besluit is finaal.*

*Die Uitvoerende Dekaan lewer verslag aangaande alle besluite wat volgens hierdie reël geneem is, aan die Registrateur.*

### **ENG.2.13 TERMINATION OF STUDIES / BEËINDIGING VAN STUDIE**

In terms of General Rule 1.18 the Rules following below apply in the Faculty of Engineering:

Where a student has already received **two** warnings from the executive dean as referred to in 1.18.1.3 and fails for the **third** time to show satisfactory academic performance, or did not obtain permission as referred to in 1.18.1.6 to exceed the maximum duration of the study period, the registrar may, on the advice of the executive dean concerned, terminate the student's studies.

A student whose studies have been terminated is not admitted to the same study programme in the subsequent academic year.

A student whose studies have been terminated may apply in the normal manner to be admitted to another study programme, but must in the course of the application mention the termination.

In the event of an application for re-admission the executive dean concerned has the discretionary authority to set reasonable conditions for such re-admission and must report such conditions to the registrar.

#### **Beëindiging van studie**

*Kragtens Algemene Reël 1.18 geld die volgende in die Fakulteit Ingenieurswese:*

<p>Name: <b>Heat Transfer / Naam: Warmte-oordrag</b></p> <p><i>Module outcomes:</i> After successful completion of this module, the student should be able to</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• apply basic knowledge and concepts of heat transfer, including conduction, external flow, flow inside pipes and thermal radiation to solve practical problems;</li> <li>• design a basic heat exchanger by integrating the knowledge gained on different heat transfer methods into a solution strategy;</li> <li>• use engineering software tools like Excel and EES to solve heat transfer problems; and</li> <li>• analyse and interpret results obtained from practical experiments.</li> </ul> <p><i>Module uitkomst:</i> Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• basiese kennis en begrippe van warmte-oordrag, insluitende geleiding, eksterne vloei, vloei in pype en termiese straling te kan toepas om praktiese probleme op te los;</li> </ul>		

- *basiese hitteuilerontwerp te kan doen deur integrering van die kennis opgedoen van verskillende warmte-oordragmetodes in 'n oplosstrategie;*
- *gebruik te kan maak van ingenieurs-sagtewaregereedskap soos Excel en EES om warmte-oordagprobleme op te los; en*
- *resultate verkry vanaf praktiese eksperimente te kan analiseer en interpreteer.*

**Module code: INGM413**

**Semester 1**

**NQF level: 8**

Name: **Fluid Machines** / Naam: **Stromingsmasjiene**

*Module outcomes:*

After successful completion of this module, students should have the following:

Knowledge

Knowledge and be able to understand fundamental fluid machine concepts and definitions, hydraulic pumps, hydraulic turbines, centrifugal compressors and fans, axial flow compressors and fans.

Skills

After completion of this module, the student will have developed the following skills:

- Choose the right fluid machine for the right application.
- Predict the performance of a full size fluid machine given the performance of a scale model.
- Predict the performance of a fluid machine given the geometry of the machine as well as the flow conditions before and after the machine.
- Predict the performance of fluid machines in basic flow networks.

*Module uitkomst:*

*Na die suksesvolle afhandeling van hierdie module behoort studente oor die volgende te beskik:*

Kennis

*In staat wees om fundamentele stromingsmasjien-konsepte en -definisies, hidrouliese pompe, hidrouliese turbines, sentrifugale kompressors en waaiers, aksiaalvloeikompressors en waaiers te ken en verstaan.*

Vaardighede

*Na voltooiing van hierdie module sal die student die volgende vaardighede ontwikkel het:*

- *Keuse van die regte stromingsmasjien vir die regte toepassing.*
- *Voorspelling van die werkverrigting van 'n stromingsmasjien, gegee die werkverrigting van 'n skaalmodel.*
- *Voorspelling van die werkverrigting van 'n stromingsmasjien, gegee die geometrie van die masjien, asook die vloeitoestande voor en na die masjien.*
- *Voorspelling van die werkverrigting van stromingsmasjiene in vloei-netwerke.*

<b>Module code: INGM415</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NQF level: 8</b>
Name: <b>Failure of Materials / Naam: Faling van Materiale</b>		
<p><i>Module outcomes:</i></p> <p><u>Knowledge</u> The student will gain knowledge of the most important failure phenomena and the prevention of failure through suitable design and operation. This knowledge is conveyed during lectures, case studies, and practical investigations of failed components.</p> <p><u>Skills</u> After completion of this module, the student will have developed the following skills:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Ability to understand the different conditions at specific type of material failures.</li> <li>• Do computations for fatigue and brittle failures.</li> <li>• Apply knowledge for vibration analysis and diagnostics of problems at machine for condition monitoring. as predictive maintenance approach.</li> </ul>		
<p><i>Module uitkomst:</i></p> <p><u>Kennis</u> <i>Die student sal kennis opdoen van die belangrikste falingsverskynsels en die voorkoming van faling deur geskikte ontwerp en bedryf. Hierdie kennis word oorgedra tydens lesings, gevallestudies en praktiese ondersoeke van gefaalde komponente.</i></p> <p><u>Vaardighede</u> <i>Na voltooiing van hierdie module sal die student die volgende vaardighede ontwikkel het:</i></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Vermoë om die verskillende toestande by spesifieke tipes materiaalafalings te verstaan.</li> <li>• Berekenings te doen ivm vermoedheid en brosfalings.</li> <li>• Kennis toe te pas mbt vibrasie-analise en -diagnose van probleme by masjienkondisiemonitering as voorspelbare onderhoud-benadering.</li> </ul>		
<b>Module code: INGM416</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NQF level: 8</b>
Name: <b>Aircraft Design / Naam: Vliegtuigontwerp</b>		
<p><i>Module objective:</i> The objective of the module is to prepare the student for further in depth study of aerodynamics and aircraft design and give an introduction to the fundamentals of aeronautical engineering.</p>		
<p><i>Module outcomes:</i> After successful completion of this module, the student should be able to</p> <p><u>Knowledge:</u> Understand the fundamentals of fluid mechanics, lift, drag, thrust, aircraft performance, stability and control.</p>		

Skills:

- Use Xfoil (2D computer software for designing airfoils) to design and optimize airfoils;
- Integrate knowledge of this and other modules to design a basic aircraft, according to specifications.

*Module uitkomst:*

*Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module behoort die student oor die volgende te beskik:*

Kennis

*Verstaan die grondbeginsels van stromingsleer, hefkrag, sleepkrag, stukrag, vliegtuig-werkverrigting, stabiliteit en beheer.*

Vaardighede

- *Die gebruik van Xfoil (2D-rekenaar-programmatuur vir die ontwerp en optimisering van draagvlakke);*
- *Integrering van kennis en vaardighede van hierdie en ander modules om inligting te ondersoek en te bestuur, data te analiseer en gebruik, en 'n vliegtuig te ontwerp volgens gegewe spesifikasies.*

**Module code: INGM417**

**Semester 1**

**NQF level: 8**

**Name: Systems Engineering / Naam: Stelselingenieurswese**

*Module outcomes:*

*After successful completion of this module, the student should be able to*

- *define a user requirement in engineering terms, do a functional analysis of the system and creatively generate system concepts and evaluate it;*
- *break a system down into sub-systems and components, assign applicable technical performance measures to it, and design according to the specifications;*
- *communicate in writing with technical audiences by means of reports; and*
- *work in a group.*

*Module uitkomst:*

*Na voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om*

- *'n gebruiker-vereiste in ingenieursterme te kan definieer, 'n funksionele analise van die stelsel te kan doen en kreatief stelselbegrippe te kan genereer en evalueer;*
- *'n stelsel in substelsels en komponente op te kan breek, toepaslike tegniese werkverrigtingsmaatreëls te kan toewys en ontwerp volgens die spesifikasies;*
- *skriftelik met tegniese gehore deur middel van verslae te kan kommunikeer; en*
- *in 'n groep te kan werk.*

<b>Module code: INGM421</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NQF level: 8</b>
<b>Name: Machine Dynamics / Naam: Masjiendinamika</b>		
<i>Module objective:</i> To equip the student with basic knowledge of machine dynamics, vibration and condition monitoring. The module builds on the knowledge gained in dynamics and serves as a basis to identify and understand typical problems found in practice		
<p>Module outcomes:</p> <p>After successful completion of this module, the student should be able to:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Use the flexibility method to determine the unknown reaction forces and the element forces of statically indeterminate structures;</li> <li>• Use the stiffness method to determine the displacements of statically determinate and indeterminate structures;</li> <li>• Derive the weak formulation and set-up the associated Galerkin finite element formulation for one-dimensional second order and fourth order differential equations;</li> <li>• Use the finite element method to determine the approximate solution of one-dimensional second order and fourth order differential equations;</li> <li>• Communicate effectively and function in a team in the context of the abovementioned problem solving skills that you have developed;</li> <li>• Reason and act ethically correct based on an established value system.</li> </ul>		
<p><i>Module uitkomst:</i></p> <p><i>Na voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om:</i></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>die fundamentele kennis van masjiendinamiese teorie, insluitende bewegingswette, natuurlike en geforseerde vibrasies asook gespesialiseerde kennis om vibrasieprobleme op te los, te kan toepas;</i></li> <li>• <i>die gebruik van verskillende meettoerusting om data van vibrasieprobleme in te win, te kan verstaan;</i></li> <li>• <i>kennis van die diagnoseer van vibrerende stelsels vir toestandmonitering en voorkomende instandhouding van toerusting te kan toepas; en</i></li> <li>• <i>eksperimentele data, gemeet gedurende praktiese sessies, te kan analiseer en interpreteer.</i></li> </ul>		

**INGM423 = also INGM223 Manufacturing Technology / Vervaardigingstechnologie**

<b>Module code: INGM423</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NQF level: 8</b>
<b>Name: Manufacturing Technology / Naam: Vervaardigingstechnologie</b>		
<i>Module outcomes:</i>		
On successful completion of the module, the student must have basic knowledge of the following:		
<u>Knowledge</u>		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Characteristics and manufacturability properties of engineering materials.</li> <li>• Material-forming manufacturing processes to manufacture components from metals, plastics, composites and ceramics.</li> </ul>		



- Material-removal manufacturing processes to manufacture components from different materials.
- Material jointing processes used to join different materials, eg welding, brazing, adhesive bonds, etc

#### Skills

- Know and understand the applications and limitations of the different manufacturing processes and be able to apply them successfully to engineering problems related to manufacturing;
- Understand the economic aspects related to manufacturing as well as the impact it has on the design process;
- Be able to apply knowledge with respect to material properties and manufacturing processes and technology to solve industrially oriented problems regarding material forming, manufacturing and value adding processes;
- Be able to suggest suitable testing, inspection, and quality-assurance procedures for application in the manufacture of a specific component;
- Be able to optimise manufacturing processes to manufacture a component more competitively;
- Be able to design components with the emphasis on manufacturability of the component/product;
- Understand the impact of different manufacturing technologies on the environment, workforce and surroundings;
- Understand the dangers and issues relating to the safe use of different manufacturing technologies, and therefore understand the professional responsibility of the manufacturing engineer to conduct manufacturing operations in a responsible and safe manner.

**NOTE:** This module is the same as INGM223, starting in 2017. INGM423 ends at the end of 2019.

#### *Module uitkomst:*

*Na die suksesvolle voltooiing van die module moet die student basiese kennis van die volgende hê:*

#### Kennis

- *Karakteristieke en vervaardigbaarheidseienskappe van ingenieursmateriale.*
- *Materiaalvormingsvervaardigingsprosesse om komponente te vervaardig uit metale, plastieke, komposiete en keramieke.*
- *Materiaalverwyderingsvervaardigingsprosesse om komponente van verskillende materiale te vervaardig.*
- *Materiaal-lasprosesse wat gebruik word om verskillende materiale te heg, bv sweiswerk, sweissoldering, plakhegting, ens.*

Vaardighede

- Ken en verstaan die toepassings en beperkings van die verskillende vervaardigingsprosesse en in staat wees om dit suksesvol te kan toepas op ingenieursprobleme ivm vervaardiging.
- Verstaan die ekonomiese aspekte wat verband hou met die vervaardiging, asook die impak wat dit op die ontwerp-proses het.
- In staat wees om kennis toe te pas met betrekking tot materiaaleienskappe en vervaardigingsprosesse en -tegnologie om industrie-georiënteerde probleme mbt materiaalvorming, vervaardiging en waardetoevoeging-prosesse op te los.
- In staat wees om geskikte toetsing-, inspeksie-, en gehalteversekeringsprosedures vir toepassing in die vervaardiging van 'n spesifieke komponent te stel.
- In staat wees om produksieprosesse te optimaliseer om 'n komponent meer mededingend te vervaardig.
- In staat wees om komponente te ontwerp met die klem op vervaardigbaarheid van die komponent / produk.
- Verstaan die impak van verskillende vervaardigingstegnologieë op die omgewing, arbeidsmag en omstreke.
- Verstaan die gevare en kwessies mbt die veilige gebruik van verskillende vervaardigingstegnologieë, en verstaan daarom die professionele verantwoordelikheid van die vervaardigingsingenieur om vervaardigingbedrywighede op 'n verantwoordelike en veilige manier te doen.

Module code: INGM427

Semester 2

NQF level: 8

Name: **Thermal Fluid System Design / Naam: Termo-vloeierstelselontwerp**

*Module outcomes:*

After successful completion of this module, a student should have the following:

Knowledge

Knowledge in the fields of steam turbines and coal fired boilers.

Skills

Be able to:

- Designing a basic Rankine cycle by means of convergent and divergent synthesis of existing knowledge, with emphasis on feed pumping combinations and regenerative feed water heating options.
- Combined cycle principles.
- Boiler operational problems, control system philosophy, clinker formation and sootblowing philosophies.
- Steam boiler auxiliary plant, combustion, and airflow optimisation with coal quality impact factors. Safety precautions, air pollution and impact on society.

*Module uitkomst:*

Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module moet 'n student oor die volgende beskik:

Kennis

Kennis op die gebied van stoomturbines en steenkoolgestookte ketels.

Vaardighede

- *Ontwerp 'n basiese Rankine-siklus dmv konvergente en divergente sintese van bestaande kennis, met klem op voerpomp-kombinasies en regeneratiewe voerwater-verhittingsopsies.*
- *Gekombineerde siklus-beginsels.*
- *Ketel-bedryfsprobleme, beheerstelsel-filosofie, klinkervorming en roetblaasfilosofieë.*
- *Stoomketel-hulpaanleg, verbranding, en lugvloei-optimering met die steenkoolkwaliteit-impak faktore. Veiligheidsmaatreëls, lugbesoedeling en impak op die samelewing.*

Module code: INGM471

Year module

NQF level: 8

Name: **Vacation Training seniors** / Naam: **Vakansie-opleiding seniors**

**This is a compulsory attendance module for a period of six weeks during the vacation.**

*Module outcomes:*

After successful completion of the module the student should have a better understanding of the skills a professional engineer needs, the process of engineering and problem solving. The student should be able to take his/her place in industry and apply safety requirements in the work place. An occupational safety course (NOSA) will be completed during the second year of study at the University before, the start of the vacation training in industry.

**Hierdie is 'n verpligte bywoningsmodule vir 'n tydperk van ten minste ses weke gedurende die vakansie.**

*Module uitkomst:*

*Na suksesvolle voltooiing van hierdie module behoort die student 'n begrip te hê van die vaardighede waaroor 'n professionele ingenieur moet beskik, die prosesse van ingenieurswese en probleemoplossing beter te kan verstaan, sy/haar plek in die nywerheid te kan volstaan en veiligheidsmaatreëls in die werkomgewing te kan toepas.*

*'n Beroepsveiligheidskursus (NOSA) word gedurende die tweede studiejaar, voor die aanvang van die praktiese opleiding in die nywerheid, by die universiteit voltooi.*

**INGM472 = EERI473 Engineering Management [Ingenieursbestuur]**

Module code: INGM479

Year module

NQF level: 8

Name: **Project** / Naam: **Projek**

*Module outcomes:*

After successful completion of this module, the student should be able to

- define the problem and divide it into smaller problems;
- synthesize, analyse and evaluate the possible solutions;
- document the design or experimental procedures;
- fabricate the design or experimental hardware;
- test aspects of the design, evaluate the design or to do the experiments;
- collect information through the library and/or internet;
- report on the project both verbally and in writing; and
- use project management software to manage progress on the project.

*Module uitkomst:*

*Na voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om*

- *die probleem te kan definieer en in kleiner probleme te verdeel;*
- *die moontlike oplossings te sintetiseer, analiseer en evalueer;*
- *die ontwerp of eksperimentele prosedures te kan dokumenteer;*
- *die ontwerp of eksperimentele hardeware te kan vervaardig;*
- *aspekte van die ontwerp te kan toets, die ontwerp te kan evalueer of om die eksperimente te kan doen;*
- *gegewens deur die biblioteek en/of internet te kan inwin;*
- *beide mondeling en skriftelik verslag oor die projek te kan doen; en*
- *projekbestuursagteware te kan gebruik om vordering met die projek te bestuur.*

**ITRW112 = CMPG111 Introduction to Computing and programming [Inleiding tot rekenaarwese en programmering]**

**ITRW115 = CMPG115 Programming for engineers I [Programmering vir ingenieurs]**

**ITRW126 = CMPG121 Structured programming (Java) [Gestruktureerde programmering (Java)]**

**ITRW124/ITRW126 = CMPG121**

<b>Module code: ITRW325</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NQF Level: 7</b>
<b>Title / Titel: Decision Support Systems II / Besluitsteunstelsels II</b>		
Module outcomes: Upon successful completion of the module the students will be able to: <ol style="list-style-type: none"><li>1. Identify the problem (or model type) based on a problem specification given;</li><li>2. Solve given problems in each of the (sub)fields of study by hand and/or by utilizing available software;</li><li>3. Interpret/explain the solution to the problem (as for management);</li><li>4. Construct/develop a DSS based on a given Case Study (Project).</li></ol>		
<i>Module uitkomst:</i> <i>Nadat die studente hierdie module suksesvol afgehandel het, behoort hulle</i> <ul style="list-style-type: none"><li>• <i>'n afgeronde en sistematiese kennis en begrip te demonstreer van die argitektuur van 'n besluitsteunstelsel;</i></li><li>• <i>die vaardigheid te demonstreer om as individu en in groepsverband verskillende tipes probleme op te los deur die keuse van 'n geskikte besluitsteunmodel en</i></li><li>• <i>die vermoë hê om 'n besluitsteunstelsel te kan konstrueer d.m.v. die integrasie van alle voorafgaande kennis</i></li><li>• <i>Ontwerp van 'n stelsel op 'n gevallestudie (projek)</i></li></ul>		

Module code: LLAW221	Semester 2	NQF level: 6
Name: <b>Introductory to Labour Law / Naam: Inleiding tot Arbeidsreg</b>		
<p><i>Module outcomes:</i>            Upon successful completion of this module students should be able to demonstrate the following:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• A detailed knowledge and understanding of the principles of Labour Law with specific reference to:               <ol style="list-style-type: none"> <li>1) what labour law entails, the different sources and the distinction between; individual and collective labour law;</li> <li>2) the nature and essentialia of a contract of employment;</li> <li>3) the rights and obligations of the employer and employee in an employment relationship; and the conclusion and termination of a contract of employment as well as remedies for breach of contract.</li> </ol> </li> <li>• A comprehensive knowledge and understanding of the influence and application of the <i>Constitution of the Republic of South Africa, 1996</i> on the field of Labour Law and specifically on core labour legislation such as the <i>Labour Relations Act 66 of 1995</i>, <i>Basic Conditions of Employment Act 75 of 1997</i>, the <i>Employment Equity Act 55 of 1998</i> and other core labour legislation.</li> <li>• Ability to select, evaluate and apply legal principles to solve fundamental problems in a defined environment in the field of Labour Law as well as an understanding of the ethical implications of decisions, actions and practices specifically relevant to Labour Law and to represent the employment parties during dispute resolution processes. This will include discipline-specific methods and techniques of scientific enquiry and information gathering on subject-related topics from relevant sources, as well as analysing, evaluating and synthesising the information and providing conclusions to a given context in the field of Labour Law.</li> <li>• Accurate and coherent written and verbal communication of principles, rules and solutions to problem-solving tasks or projects by means of preparing for a disciplinary hearing, conciliation, arbitration, the writing of legal opinions and written answers to evaluations with an understanding of and respect for intellectual property conventions, copyright and rules on plagiarism.</li> <li>• Monitor own learning progress and apply relevant learning strategies and management of resources to successfully realise all learning outcomes of this module.</li> </ul>		
<p><b>Na suksesvolle afhandeling van LLAW 221 behoort die student in staat te wees om die volgende te kan demonstreer:</b></p>		
<p><i>Module uitkomst:</i></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Gedetailleerde kennis toon van en begrip vir die beginsels van Arbeidsreg met spesifieke verwysing na               <ol style="list-style-type: none"> <li>1. wat arbeidsreg behels, die verskillende bronne en onderskeid tussen individuele en kollektiewe arbeidsreg;</li> <li>2. die aard van en essentialia van 'n dienskontrak;</li> <li>3. die regte en verpligtinge van die werkgewer en werknemer in 'n arbeidsverhouding en die sluit en terminering van 'n dienskontrak. asook remedies vir kontrakbreuk.</li> </ol> </li> </ul>		

- Gedetailleerde kennis en begrip van die invloed en toepassing van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996 op die gebied van Arbeidsreg en spesifiek op kern- arbeidswetgewing, byvoorbeeld die *Wet op Arbeidsverhoudinge* 66 van 1995, die *Wet op Basiese Diensvoorwaardes* 75 van 1997, die *Wet op Gelyke Indiensneming* 55 van 1998 en ander kern-arbeidswetgewing.
- Die vermoë om regsbeginsels te selekteer, te evalueer en toe te pas met die doel om fundamentele probleme in 'n gedefinieerde omgewing op die gebied van Arbeidsreg op te los asook om die etiese implikasies van besluite, optredes en praktyke wat spesifiek met Arbeidsreg verband hou, te verstaan en die indiensnemingspartye tydens dispuutresolusie-prosesse te verteenwoordig. Dit sal insluit: dissipline-spesifieke metodes en tegnieke rakende wetenskaplike ondersoek en inligtingsinsameling oor vakverwante onderwerpe uit toepaslike bronne, asook die sintetisering van die inligting en die verskaffing van gevolgtrekkings vir 'n gegewe konteks op die gebied van Arbeidsreg.
- Akkurate en samehangende geskrewe verbale kommunikasie van beginsels, reëls en oplossings vir probleemoplossing-take of projekte deur middel van die voorbereiding vir 'n dissiplinêre verhoor, konsiliësie, arbitrasie, die skryf van regsmenings en geskrewe antwoorde op evaluering met begrip van en respek vir intellektuele-eiendomkonvensies, kopiëring en reëls rakende plagiaat.
- Eie leervordering kan monitor en toepaslike leerstrategieë en die bestuur van hulpbronne kan toepas om alle leeruitkomst van hierdie module suksesvol te bereik.

MEGI271 = PPEP171 [from 2018]

Module code: MTHS111	Semester 1	NQF Level: 5
Name: <b>Introductory Algebra and Analysis I</b> / Naam: <b>Inleidende Algebra en Analise I</b>		
<p>Module outcome:</p> <p>On completing this module students ought to be able to do the following: demonstrate fundamental knowledge of the concept of functions, absolute value function, circle measure and inverse functions, trigonometric and inverse trigonometric functions, exponential and logarithmic functions, limits, continuity, differentiability and indefinite integrals of all the above mentioned functions, l'Hospital's rule and its applications, the natural number system including mathematical induction, the integer number system including the division and Euclidian algorithms and their applications, rational and irrational numbers, the real number system, and the complex number system including De Moivre's theorem and its applications; demonstrate problem solving skills by analysing familiar and unfamiliar problems, using the knowledge of techniques to calculate the domain and range, limits, continuity, derivatives and indefinite integrals of all the above mentioned functions, calculate limits using l'Hospital's rule, prove theorems with mathematical induction, determine greatest common dividers and use it to solve Diophantine equations, and perform operations with complex numbers.</p>		
<p>Module uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van hierdie module behoort die student die volgende te kan doen: fundamentele kennis demonstree van die funksiebegrip, absolutewaardefunksie, sirkelmaat en inverse funksies, trigonometriese en inverse trigonometriese funksies, eksponensiale en logaritmiese funksies, limiete, kontinuïteit, differensieerbaarheid en onbepaalde integrale</p>		

*van al bogenoemde funksies, l'Hospital se reël en sy gebruike, die natuurlike getalgestelsel insluitend wiskundige induksie, die heelgetalgestelsel insluitend die delings- en Euklidiese algoritmes en hul gebruike, rasionale en irrasionale getalle, die reële getalgestelsel, en die komplekse getalgestelsel insluitend De Moivre se stelling en sy gebruike; probleemoplossingsvaardighede demonstreer deur bekende en onbekende probleme te analiseer, kennis van tegnieke gebruik om definisie-en waardeversamelings, limiete, kontinuïteit, afgeleides en onbepaalde integrale van al bogenoemde funksies te bereken, limiete met behulp van l'Hospital se reël te bereken, stellings deur wiskundige induksie bewys, grootste gemene delers bepaal en dit gebruik om diofantiese vergelykings op te los, en bewerkings met komplekse getalle uit te voer.*

<b>Module code: MTHS121</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NQF Level: 5</b>
<b>Name: Introductory Algebra and Analysis II / Naam: Inleidende Algebra en Analise II</b>		
<p>Module outcomes:</p> <p>After completion of this module students ought to be able to do the following: demonstrate fundamental knowledge of vectors in three dimensional space, their properties and applications, polynomials in one variable including the factor theorem, the remainder theorem, synthetic division and Euclidean algorithm, rational functions including partial fractions, permutation, combinations, the binomial theorem, the use of derivatives in optimisation and curve sketching, Taylor series including the basic theorems on the convergence of series, the fundamental theorems of differential and integral calculus, Riemann sums, the basic properties and applications of the definite integral, advanced integral techniques, hyperbolic and inverse hyperbolic functions, and applications of integration to surfaces, lengths and volumes; demonstrate problem solving skills by analysing familiar and unfamiliar problems, using knowledge of techniques to describe three dimensional spaces, to calculate dot, cross and triple products and use it to solve a variety of problems, determine roots and greatest common dividers of polynomials, decompose rational functions into partial fractions, determine the number of arrangements and selections from a set, do binomial expansions, sketch functions, formulate optimisation problems mathematically and use knowledge of derivatives to solve them, calculate Taylor series and judge its convergence, determine Riemann sums, determine definite integrals, and calculate surfaces, lengths and volumes.</p>		
<p><i>Module uitkomst:</i></p> <p><i>Na voltooiing van hierdie module behoort die studente die volgende te kan doen: fundamentele kennis demonstreer van vektore in die driedimensionele ruimte, hul eienskappe en gebruike, polinome in een veranderlike insluitend die faktorstelling, die resstelling, sintetiese deling en Euklidiese algoritme, rasionale funksies insluitend partiële breuke, permutasies, kombinasies, die binomiaalstelling, die gebruik van afgeleides in optimalisering en krommesketsing, Taylor-reekse insluitend die basiese stellings oor die konvergensie van reekse, die fundamentele stellings van differensiaal- en integraalreken, Riemannsomme, die bepaalde integraal se basiese eienskappe en gebruike, gevorderde integrasietegnieke, hiperboliese en inverse hiperboliese funksies, en toepassings van integrasie op oppervlaktes, lengtes en volumes; probleemoplossingsvaardighede</i></p>		

*demonstreer deur bekende en onbekende probleme te analiseer, kennis van tegnieke gebruik om drie-dimensionele ruimtes te beskryf, punt-, kruis- en trippelprodukte te bereken en gebruik om 'n verskeidenheid van probleme op te los, wortels en grootste gemene delers van polinome te bepaal, rasionale funksies in parsieële breuke te ontbind, die aantal rangskikkings en keuses uit 'n versameling te bepaal, binomiaaluitbreidings te doen, funksies te skets, optimeringsprobleme in 'n wiskundige formulering te giet en die kennis van afgeleides gebruik om dit op te los, Taylor-reekse te bereken en die konvergensie daarvan te beoordeel, Riemannsomme te bepaal, bepaalde integrale te bepaal, en oppervlaktes, lengtes en volumes te bereken.*

**MTHS211 [2019] = WISN211 Analysis III / Analise III**

<b>Module code: MTHS211</b> (formerly WISN211 and the first half of MAYM227)	<b>Semester 1</b>	<b>NQF Level: 6</b>
<b>Name: Advanced Calculus I / Naam:Gevorderde Calculus I</b>		
<p>Module outcomes :</p> <p>On completing this module, students should be able to do the following:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Demonstrate a thorough knowledge and insight into all the aspects of the differential calculus of multivariate functions: partial and directional derivatives, the gradient function, optimisation problems, including Lagrange's method, directional derivatives and gradients, and double and triple integrals.</li> <li>• Demonstrate problem solving skills by analysing familiar and unfamiliar problems, using knowledge of techniques to solve practical problems modelled with multivariate functions.</li> <li>• Students should demonstrate the ability to use the geometric and physical meaning of the above-mentioned concepts describe the underlying mathematical structure of applied problems and to interpret the significance of the mathematical solutions.</li> </ul>		
<p>Module uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van hierdie module behoort die studente die volgende te kan doen:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>Grondige kennis en begrip demonstreer in al die aspekte van differensiaalrekening van meerveranderlike funksies: parsieële- en rigtingafgeleides, die gradiëntfunksie; optimeringsprobleme insluitende Lagrange se metode, rigtingsafgeleides en gradiënte, asook berekening van dubbel- en drievoudige-integrale.</i></li> <li>• <i>Probleemoplossingsvaardighede demonstreer deur bekende en onbekende probleme te analiseer, kennis van tegnieke gebruik om praktiese probleme wat deur meer veranderlike funksies gemodelleer word, op te los.</i></li> <li>• <i>Die meetkundige en fisiese betekenis van die bogenoemde konsepte kan gebruik om die onderliggende wiskundige struktuur van toegepaste probleme te kan formuleer, en die betekenis van die wiskundige oplossing kan interpreteer.</i></li> </ul>		



**MTHS212 [2019] = WISN212 Linear Algebra I / Lineêre Algebra I**

<b>Module code: MTHS212</b> (formerly WISN212 and the first half of MAYM217)	<b>Semester 1</b>	<b>NQF Level: 6</b>
<b>Name: Linear Algebra I / Naam: Lineêre Algebra I</b>		
<p>Module outcomes:</p> <p>On completion of this module, the student will demonstrate a thorough and advanced knowledge of, and skill in the underlying principles, the methods, and the application of the theory regarding selected aspects of the following topics:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Systems of linear equations and their solution(s), including geometrical interpretations where applicable;</li> <li>• Matrices and their operations, including inverses of matrices;</li> <li>• The vector spaces <math>\mathbf{R}^n</math> and subspaces, including the column space and nullspace of a matrix, linear dependence and independence, bases, dimension and the rank and nullity of a matrix;</li> <li>• Linear transformations, including geometrical interpretations in two dimensions;</li> <li>• Determinants with applications such as Cramer's rule, the area of a parallelogram and volume of a parallelepiped;</li> <li>• Eigenvalues and eigenvectors of matrices.</li> <li>• Applications to systems of linear differential equations.</li> </ul>		
<p><i>Module uitkomst:</i></p> <p><i>Na voltooiing van die module, sal die student 'n deeglike en geordende kennis van, en vaardigheid in die onderliggende beginsels, die metodes, en die toepassings van die teorie rakende geselekteerde aspekte van die volgende onderwerpe demonstreer:</i></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>Stelsels lineêre vergelykings en hulle oplossing(s), insluitend meetkundige interpretasies waar toepaslik;</i></li> <li>• <i>Matrikse en hulle bewerkings, insluitende inverses van matrikse;</i></li> <li>• <i>Die vektorruimtes <math>\mathbf{R}^n</math> en deelruimtes, insluitend die kolomruimte en nulruimte van 'n matriks, lineêr afhanklikheid en onafhanklikheid, basisse, dimensie en die rang en kerndimensie (nulheidsgraad) van 'n matriks;</i></li> <li>• <i>Lineêre transformasies, insluitend meetkundige interpretasies in twee dimensies;</i></li> <li>• <i>Determinante met toepassings soos Cramer se reël, die oppervlakte van 'n parallelogram en die volume van 'n parallelipedum;</i></li> <li>• <i>Eiewaardes en eievektore van matrikse.</i></li> <li>• <i>Toepassings op stelsels lineêre differensiaalvergelykings.</i></li> </ul>		

**MTHS223 [2019] = WISN225 Engineering Analysis/Ingenieursanalise**

<b>Module code: MTHS223</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NQF Level: 6</b>
<b>Name: Engineering Analysis / Naam: Ingenieursanalise</b>		
<p>Module outcomes:</p> <p>On completing this module, students should be able to demonstrate advanced knowledge of and insight into the application of:</p>		

- Vector fields, line integrals and the Fundamental Theorem of line integrals, Green's theorem, oriented surfaces and surface integrals, rotation and divergence, the theorems of Stokes and Gauss.
- Convergence criteria for sequences of real numbers and the monotone convergence principle, Convergence of series, standard convergence tests, absolute and conditional convergence, introduction to power series, Taylor's theorem.
- Definition of derivatives and contour integrals of complex functions, Laurent's theorem (as an extension of Taylor's theorem), algebraic manipulation of Laurent series, formal definition of the Z-transform and basic rules for Z-transforms, partial fraction method for computing inverse transforms, applications to difference equations.

*Module uitkomst:*

*By voltooiing van die module, behoort studente gevorderde kennis en insig in die toepassing van die onderstaande kan demonstreeer:*

- *Vektorvelde, lynintegrale en die Grondstelling van lynintegrale, Green se stelling, gerigte oppervlakke en oppervlakintegrale, rotasie en divergensie, die stellings van Stokes en Gauss.*
- *Konvergensie kriteria vir reële getalle en die monotoon konvergensiebeginsel, konvergensie van reekse, standaard konvergensie toetse, absolute en voorwaardelike konvergensie, inleiding tot magreekse, Taylor se stelling.*
- *Definisie van afgeleides en kontoerintegrale van komplekse funksies, Laurent se stelling (as 'n uitbreiding van Taylor se stelling), algebraïese manipulasie van Laurent reekse, formele definisie van die Z-transform en basiese reëls vir Z-transforms, die parsiele breuke metode om inverse transforms te bereken, toepassings op verskilvergelykings.*

**MTHS224 [2019] = WISN227 Applied Linear Algebra/Toegepaste Lineêre Algebra**

Module code: MTHS224	Semester 2	NQF Level: 6
Name: <b>Applied Linear Algebra</b> / Naam: <b>Toegepaste Lineêre Algebra</b>		
Module outcomes : On completion of this module the student should: <ul style="list-style-type: none"> <li>• demonstrate advanced knowledge of and insight into bases and linear independence of functions, and be able to use it in applications;</li> <li>• be able to use concepts like eigenvalues and eigenvectors in applications such as diagonalisation, discrete dynamical systems and systems of linear differential equations;</li> <li>• be able to use the concepts of inner product, length and orthogonality to find orthogonal bases and master their applications such as for example the least squares method and linear models; symmetric matrices and further applications;</li> <li>• demonstrate problem-solving skills by analysing known and unknown problems and applications and applying the knowledge and techniques of linear algebra.</li> </ul>		

*Module uitkomst:*  
*By voltooiing van die module, behoort studente:*

- 'n deeglike kennis van en insig te toon in basisse en lineêr onafhanklikheid van funksies toon en in staat wees om dit in toepassings te gebruik;
- in staat te wees om begrippe soos eiewaardes en eivektore in toepassings soos diagonalisering, diskrete dinamiese stelsels en stelsels lineêre differensiaalvergelykings te gebruik;
- in staat wees om die begrippe van inproduk, lengte en ortogonaliteit te gebruik om ortogonale basisse te vind en hulle toepassings te bemeester, soos byvoorbeeld die kleinste-kwadrate-metode en lineêre modelle, simmetriese matrikse en verdere toepassings;
- probleemoplossingsvaardighede te demonstreer deur bekende en onbekende probleme en toepassings te ontleed en die kennis en tegnieke van lineêre algebra te gebruik.

<b>Module code: NCHE111</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NQF Level: 5</b>
-----------------------------	-------------------	---------------------

Name: **Introductory Inorganic and Physical Chemistry /**  
 Naam: **Inleidende Anorganiese en Fisiese Chemie**

*Module outcomes:*  
 After completion of the module NCHE111, the student should demonstrate:

- fundamental knowledge and insight of the properties of substances and compounds, inter molecular interaction, aqueous solutions, chemical equilibria, acids and bases, precipitation and electron transfer reactions. They should be able to apply this knowledge to write down and name chemical formula;
- the ability to balance chemical reactions, use and apply stoichiometric and other calculations to find an unknown quantity;
- the ability to recognize and apply tendencies from the periodic table (main group elements);
- the ability to apply laboratory technique and safety rules;
- the ability to explain chemical phenomena, do calculations connected with the phenomena, report results scientifically and to better understand the applications of scientific results in industry and the environment.
- the ability to manage chemical reactions by calculating the enthalpy of reactions, determining the rate of reactions, equilibrium constants, and other aspects of aqueous equilibria such as buffer solutions and solubility products.

*Module uitkomst:*  
*Na voltooiing van die module NCHE111, behoort die student:*

- fundamentele kennis en insig te demonstreer van die eienskappe van stowwe en verbindings, intermolekulêre wisselwerking, waterige oplossings, chemiese ewewigte, sure en basisse, neerslagvorming en elektronoordragreaksies en hierdie kennis te kan toepas om chemiese formules te skryf en te benoem,
- reaksievergelykings te balanseer, stoïgiometriese en ander berekenings te gebruik om 'n onbekende grootheid te vind;
- die bevoegdheid te hê om tendense en verbande uit die periodieke tabel (hoofgroepe) te verklaar;
- vaardighede te demonstreer in die toepassing van laboratorium- en veiligheidsreëls;

- *bevoeg te wees om waargenome chemiese verskynsels te verklaar, berekenings in verband daarmee uit te voer, resultate wetenskaplik te kommunikeer en toepassings daarvan in die nywerheid en omgewing beter te kan begryp.*  
*die vermoë te hê om chemiese reaksies te bestuur deur die entalpie van reaksies te bereken, die tempo van reaksies te bepaal, ewewigskonstantes te bepaal en ander aspekte van waterige ewewigte soos bufferoplossings en oplosbaarheidsprodukte te bereken*

**Module code: NCHE121**

**Semester 2**

**NQF Level: 5**

**Name: Introductory Organic Chemistry / Naam: Inleidende Organiese Chemie**

Module outcomes:

On successful completion of this module the student should be able to demonstrate the following:

- Knowledge and **informed understanding** of the concepts underpinning the subthemes of atomic structure, chemical bonding, molecular geometry, organic nomenclature, and intermolecular forces as well as the most important classes of organic compounds, including alkanes, alkenes, benzenes, haloalkanes, alcohols, amines, ethers, carboxylic acids, acyl halides, anhydrides, esters and amides.
- An ability to evaluate the structures of organic compounds and thereby identify suitable synthesis procedures with a **limited number of steps**.
- Conduct in the academic environment that adheres to the rules as stipulated by the North-West University code of conduct.
- Utilisation of **basic research skills**, such as sourcing and verifying information from various sources and using this information to construct a coherent body of knowledge. Communicate these discipline-specific ideas in writing in an accurate and coherent way while showing respect for conventions around copyright and plagiarism.
- The ability to apply the green chemistry approach to organic chemistry and to show the relation between our approach to chemistry and the long-term survival of the human race.
- The ability to manage his or her learning and implement the discipline-specific learning strategies given in the NCHE 121 study guide to improve learning problems.

*Module uitkomst:*

*Na suksesvolle voltooiing van hierdie module, behoort die student die volgende te kan demonstree:*

- *Kennis en **ingeligte begrip** van die konsepte wat die volgende subtemas van organiese chemie onderlê atoomstruktuur, chemiese binding, molekulêre geometrie, organiese nomenklatuur en intermolekulêre kragte, sowel as die belangrikste klasse van organiese verbindings, insluitende alkane, alkene, bensene haloalkane, alkohole, amiene, eters, karboksielsure, asielhaliede, anhidriede, ester en amiede.*
- *Die vermoë om die strukture van organiese verbindings te evalueer en sodoende geskikte sinteseprosedures met 'n **beperkte aantal stappe** te identifiseer.*
- *Optrede in die akademiese omgewing wat voldoen aan die gedragskode van die Noordwes-Universiteit.*

- *Aanwending van basiese navorsingsvaardighede, soos insameling en verifikasie van inligting vanuit verskillende bronne en die gebruik van hierdie inligting om 'n koherente geheel saam te stel. Die vermoë om vakspesifieke idees skriftelik te kommunikeer op 'n koherente wyse met inagneming van die konvensies rakende kopiereg en plagiaat.*
- *Die vermoë om die groen chemie benadering toe te pas op organiese chemie en die verwantskap tussen ons benadering tot chemie en die langtermyn oorlewing van die mensdom aan te toon.*
- *Die vermoë om sy of haar leeraktiwiteite te bestuur en vakspesifieke leerstrategieë, soos aangetoon in die **NCHE121** studiegids, te implementeer om leerprobleme te verbeter*

**Module code: NCHE211**

**Semester 1**

**NQF Level: 6**

Name: **Analytical Chemistry II** / Naam: **Analitiese Chemie II**

Module outcomes:

After completion of the **NCHE211** module, the student should demonstrate:

- integrated knowledge of the basic theories underlying types of errors occurring during chemical analyses, statistics applied on analytical results, taking and preparing samples, quality control, acid-base and complexometric titrations, gravimetry, surface characterisation techniques, atomic spectroscopy, liquid extraction, ion exchange and chromatography;
- appropriate laboratory skills in order to conduct measurements associated with all of the above-mentioned theoretical aspects;
- the ability to demarcate and effectively solve problems associated with the theoretical and practical (experimental) aspects;
- an understanding of the safety, ethical and professional conduct required of a professional analytical chemist.

Module uitkomst:

Na voltooiing van die module **NCHE211**, behoort die student:

- *geïntegreerde kennis van die basiese teorieë onderliggend tot tipes foute wat tydens chemiese ontledings gemaak word, statistieke berekeninge op analitiese resultate, neem en voorbereiding van monsters, kwaliteitsbeur, suur-basis en kompleksometriesse titrasies, gravimetrie, oppervlakkarakterisering tegnieke, atoomspektroskopie, vloeistof ekstraksie, ionuitruiing en chromatografie;*
- *toepaslike laboratorium vaardighede te hê om meting wat verband hou met al die bogenoemde teoretiese aspekte uit te voer;*
- *die vermoë hê om probleme af te baken en doeltreffend op te los wat verband hou met die teoretiese en praktiese (eksperimentele) aspekte;*
- *'n begrip te hê van die veiligheid, etiese en professionele gedrag wat van 'n professionele analitiese chemikus verwag word*

<b>Module code: NCHE222</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NQF Level: 6</b>
<b>Name: Organic Chemistry II / Naam: Organiese Chemie II</b>		
<p>Module outcomes: After completion of the module NCHE222, the student should demonstrate:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• detailed knowledge and a clear understanding of models used to present atoms and molecules as well as the properties, reactions and mechanisms pertaining to aromatic chemistry;</li> <li>• a clear understanding of prevalent schools of thought that determined the progress within the field of molecular models;</li> <li>• the ability to select, implement and evaluate the correct mechanism to demonstrate the possible progression of specific aromatic based reactions;</li> <li>• the ability to effectively use appropriate laboratory skills to synthesize and purify specific compounds;</li> <li>• the ability to solve a multi-step reaction using suitable reagents and products to ensure the manufacture of the desired compound.</li> <li>• have a sense of responsibility for fellow humans and the environment in scientific investigations while acting in accordance with the code of conduct relevant to chemistry.</li> </ul>		
<p><i>Module uitkomst:</i> <i>Na voltooiing van die module NCHE222, behoort die student:</i></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>gedetailleerde kennis en 'n duidelike begrip van die modelle wat gebruik word om atome en molekules voor te stel, sowel as die eienskappe, reaksies en meganismes wat van toepassing is op aromatiese chemie, te hê;</i></li> <li>• <i>die huidige denkskole wat die ontwikkeling binne die veld van molekulêre modelle bepaal het, te verstaan;</i></li> <li>• <i>die korrekte meganisme te kan kies, toe te pas en te evalueer om sodoende die moontlike progressie van spesifieke aromatiese reaksies weer te gee.</i></li> <li>• <i>die toepaslike laboratoriumsvaardighede effektief te gebruik om spesifieke verbindinge te vervaardig en te suiwer;</i></li> <li>• <i>'n multi-stap reaksie te kan weergee deur die nodige reagense en produkte aan te dui om die vervaardiging van die korrekte produk te verseker;</i></li> <li>• <i>'n verantwoordelike gevoel in sy chemiese ondersoek vir sy medemens en die omgewing te hê, terwyl hy volgens die gedragskode van chemici optree</i></li> </ul>		
<b>Module code: NPHY111</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NQF Level: 5</b>
<b>Name: Basic Physics 1 / Naam: Basiese Fisika I</b>		
